# Oranje Gasteplaas

TROUES & FUNKSIES

## Troupakket

## -2027-



# Oranje Gasteplaas

TROUES & FUNKSIES

# Troupakket

## -2027-



# Oranje Gasteplaas

TROUES & FUNKSIES

# Troupakket

## -2027-



# Baie Geluk

met jul groot besluit

Dit is ons wens dat elke bruidspaar wat na Oranje toe kom, die tyd saam met hulle familie en vriende sal geniet terwyl ons die res doen.

Oranje is 20km vanaf Clarens en 14km vanaf Fouriesburg, met 'n asemrowende 360 grade uitsig oor die berge van die Oos-Vrystaat. Ons pragtige sandsteenskuur en -kerk tussen die berge is ideaal vir 'n stylvolle plattelandse troue vir tot 220 gaste. Ons professionele span waarborg vir elke gas by Oranje, 'n onvergeetlike ervaring.

Neem asseblief die vrymoedigheid
om tussen 9:00 en 17:00, Maandag - Vrydag
of tussen 11:00 en 13:00 op Saterdae, 'n persoonlike besoek te reël.

Vriendelike groete

Oranje Gasteplaas
TROUES & FUNKSIES






# Huur van

## Kerk & Onthaalsentrum

**Deposito betaalbaar om datum te bevestig** R 17 500.00

### ITEMS INGESLUIT BY VENUE KOSTE:

- Saal – maksimum 220 gaste met dansvloer, 300+ gaste sonder dansvloer
- Professionele beplanning en uitvoering van u troue, beplanning sessies slegs Maandae tot Donderdae, kontak Elsa vir 'n afspraak by **troues@oranjegasteplaas.co.za.** Eerste sessie gratis, daarna sal 'n fooi van R100 p/uur gehef word vir afsprake.
- Geen beplanningspersoneel van buite sal toegelaat word nie.
- Kelners en kroegfasiliteite (1 kelner vir 20 gaste, 3 in kroeg)
- Dek van tafels en mooimaak van saal volgens julle keuse, opruim na troue
- Koördineerder op julle troudag
- Volkome gemoedrus - altyd krag: Eskom en bystand
- Sekuriteit

### EIE SPESIALISDIENSTE BY ORANJE-GASTEPLAAS:

- Bloemiste
- Ontwerpspesialis vir dekor en funksies
- Huweliksbeplanner
- Spysenier
- Troukoek

### UITGESLUIT UIT DIE KOSTE VAN DIE VENUE:

- Tafels, stoele, breekware
- Spyseniering
- Troukoek
- Welkomdrankies (alkoholies / nie-alkoholies)
- Vonkelwyn, Wyn en Sap vir tafels
- Kurkfooi van R55.00 per bottel
- Welkomversnaperings
- Koffiekroeg of gewone koffie en tee
- Feetjieligte
- Dekor en tafellinne
- Kroegrekening
- Brandhout
- Blomme, ons bestel en rangskik volgens u idees. Kwotasies vir blomme sal gedoen word @ R200 per kwotasie, slegs betaalbaar indien die kwotasie nie aanvaar word nie. R300 skoonmaakfooi betaalbaar indien u self die blomme doen.
- Akkommodasie en etes soos vooraf bespreek
- Breekskade deposito

Parafeer

## INLIGTING EN TELEFOONNOMMERS BESKIKBAAR VIR:

- Musikante
- Grimering
- Haarstilis
- Fotografie
- Video-fotografie
- Antieke Motors
- Predikant/pastoor
- Klankoperateur
- Koek
- Verblyf

## BESPREKINGS:

'n Deposito van R17 500.00 vir 2027 moet betaal word om julle bespreking te bevestig. Hierdie deposito sal gebruik word as gedeeltelike betaling van julle finale rekening. Indien die troue gekanselleer word, word die deposito nie terugbetaal nie, maak nie saak hoe lank dit voor die beplande datum is nie.

As 'n datum voorlopig bespreek word, sal ons dit net vir 14 dae hou. Om die bespreking te bevestig, moet die deposito voor die einde van die 14 dae betaal word. As die deposito nie voor die einde van die tydperk betaal word nie, sal die bespreking outomaties gekanselleer word en aan die volgende kliënt gegee word.

Volle betaling vir 'n troue vanuit die buiteland moet 30 dae voor die troue gedoen word. Die breekskade-deposito van R2 000.00 moet saam met die rekening 14 dae voor die troue betaal word en sal tot na julle funksie as sekuriteit gehou word.

## SPYSKAART-KEUSE:

- Spyskaarte hierby ingesluit
- Geen spyseniers van buite sal toegelaat word nie.
- Spitbraai kan op versoek gereël word.
- Let asseblief daarop dat spyseniering vir die volle getal teenwoordiges bereken moet word (dit sluit die volle vermaakpersoneel, die fotograwe en so meer in).
- Bordbedienning aan tafel sal R35.00 per persoon ekstra wees.

## DRANKIES EN VERSNAPERINGS VOOR DIE ONTHAAL:

- Spyskaarte hierby ingesluit. Eie voorstelle welkom
- Ons beveel aan dat julle na die seremonie en voor die onthaal drankies en versnapperings aan die gaste bedien terwyl die foto's geneem word.
- Een alkoholiese keuse en een nie-alkoholiese keuse word aanbeveel. Drankies word by die onthaalsentrum bedien.
- Die kroeg sal oop wees.
- Bespreek asseblief enige spesiale versoeke soos 'gin bar' of 'on tap bier' met ons.

*Parafeer*



## KROEGDIENS:

Kliënte moet ons asseblief inlig oor hulle behoeftes vir die voorsiening van 'n volledige kroeg, wyn, bier, koeldrank of kontantkroeg. Kliënte is welkom om 'n oorhoofse perk vir kroeguitgawes op hulle rekening vas te stel. Om beheer oor die rekening te hou, is ons bereid om gedurende die funksie 'n gereelde opdatering van die kroegrekening te gee.

'n Deposito van 50% van die verlangde perk moet 14 dae voor die troue/funksie betaal word. Die balans moet die Sondag na die funksie vereffen word. Geen drinkgoed vir troues of funksies mag sonder die toestemming van die bestuur van Oranje Gasteplaas op die terrein gebring word nie.

Ons het 'n uitgebreide wynlys van persoonlik uitgesoekte kelderwyne en vonkelwyne beskikbaar. Enige veranderings aan die kroegvereistes in enige stadium moet skriftelik gedoen en vooruit betaal word. 'n Kurkfooi sal gehef word teen R55.00 per 750ml bottel (wyn en vonkelwyn wat julle self voorsien).
Die kroeg sal stiptelik toemaak, soos bepaal deur wet en/of regulasies.

## OPSTEL- EN AFSNYTYE:

Oranje sal, soos bespreek, die tafels, eetgerei en breekgoed voorberei. Die tafels sal op die Donderdag voor die funksie gedek word. Blomme sal op die Vrydag en Saterdag gedoen word. Die onthaalsaal en die buitenshuise gebied sal betyds gereed wees. Enigeen wat ander reëlings tref, moet seker maak dat dit tydens die finale afspraak op die funksievorm op skrif gestel word.

Om seker te maak dat ons jou dekor en blomme na wense doen vra ons dat bruide asb 10:00 die Vrydag oggend voor jou troue, 'n draai by die saal maak. Jy moet asb ook dan alle ekstras met ons bespreek soos gasteboek, geskenkies, ens en alles wat julle self saambring nou aflaai sodat ons dit na die regte plekke kan skuif. Ons begin 9:00 werk in die saal en sluit dit weer om 17:00. Jy is welkom om enige tyd deur hierdie werksdag in te loer en jou eie troue te bewonder.

'n Onthaaltarief van R1000.00 per uur sal gehef word na 24:00. Dit sal outomaties aan die einde van die funksie by julle rekening gevoeg word. Die onthaal area en kroeg sluit streng volgens die tyd daargestel deur die wet en/of regulasies. Alle kerse, versierings en so meer wat elders gehuur is en die blomme moet na afloop van die funksie van die terrein verwyder word. Oranje neem geen verantwoordelikheid daarvoor nie.

## KINDERS:

'n Plekkie vir kinders onder die ouderdom van 6 jaar sal gedek word by hul ouers aan tafel.
Spesiale kos vir die kinders sal ook voorberei word teen R110.00 per kind.
As die kinders van die buffet gebruik maak, sal die koste daarvan by die rekening gevoeg word.

*Parafeer*

# Verblyf

Kinders onder 2 bly gratis. Kinders op slaapbanke @ R320 per nag.

* Spyskaarte vir ontbyt en bykosse vir gaste is beskikbaar, slegs op vooraf bestelling.
* Alle verblyf moet ten volle betaal wees 7 dae voor die troue.

Oranje beskik oor 56 beddens en 20 slaapbanke in die gastehuis en chalets.

'n Kamer vir 'n bediende is op die terrein beskikbaar. Doen navraag oor die tarief.

Bespreek asseblief u akkommodasie vir die trou-naweek so spoedig moontlik om teleurstelling te voorkom. Slegs besprekings vir 2 of meer nagte sal aanvaar word. NB - Die verblyf (kampeer terrein ingesluit) en geriewe by Oranje Gasteplaas is nie uitsluitlik vir trougaste nie. Indien u wel die hele venue uitsluitlik vir u gaste wil bespreek moet u asb dit met ons bespreek en dan alle akkomodasie, insluitend die kampterrein bespreek.

'n Kroeg sal beskikbaar wees tydens troues met kroegmanne en drank soos verskaf deur Oranje Gasteplaas. Vir die res van u verblyf is u welkom om u eie drankies te bring.

Enige breekskade, items wat uit kamers verwyder word of verlore items, tydens die duur van die trou naweek, se kostes sal op die trourekening (breekskade dep.) verhaal word.

**GASTEHUIS: R1270 per kamer per nag (Slaapbank opsioneel @ R320 pppn)**

- **Loucharl** Bruidsuite, slaap 2 koningsgrootte bed, en-suite badkamer met bad, geen selfsorg geriewe
- **Malem** Slaap 2 (koningsgrootte bed of 2 enkel), met badkamer (stort ), deel hoof kombuis met kamer Esias.
- **Esias** Slaap 2 (koningsgrootte bed of 2 enkel), met badkamer (stort), deel hoof kombuis met kamer Malem.
- **Laura** Slaap 2/3 (koningsgrootte bed of 2 enkel en 1 ekstra enkelbed), en-suite badkamer (bad), selfsorg kombuis.
- **Adinie** Slaap 2/3 (koningsgrootte bed of 2 enkel en 1 ekstra enkelbed), en-suite badkamer (stort), selfsorg kombuis .
- **Hansman** Slaap 2/4 (koningsgrootte bed of 2 enkel en ekstra slaapbank), en-suite badkamer (bad), selfsorg kombuis.
- **Jannie** Slaap 2/4 (koningsgrootte bed of 2 enkel en ekstra slaapbank), en-suite badkamer (bad), selfsorg kombuis.
- **Nelie** Slaap 2/4 (koninsgrootte gbed of 2 enkel en ekstra slaapbank), en-suite badkamer met stort, selfsorg kombuis.
- **Woonkamer** 1 slaapbank vir 2 persone in woonkamer indien nodig

Parafeer

**CHALETS (enkel kamer): R1550 per nag (Slaapbank opsioneel @ R320 pppn)**

In die enkel kamer chalets is 12 beddens en 12 slaapplekke op slaapbanke beskikbaar.

- **Michael** Slaap 2/4 Koningsgrootte bed (kan deel in 2 enkelbeddens), dubbel slaapbank, met en- suite badkamer(stort), selfsorg kombuis.
- **Christel** Slaap 2/4 Koningsgrootte bed (kan deel in 2 enkelbeddens), dubbel slaapbank, met en- suite badkamer(stort), selfsorg kombuis.
- **Makena** Slaap 2/4 Koningsgrootte bed (kan deel in 2 enkelbeddens), dubbel slaapbank, met en- suite badkamer(bad), selfsorg kombuis.
- **Mona** Slaap 2/4 Koningsgrootte bed (kan deel in 2 enkelbeddens), dubbel slaapbank, met en- suite badkamer(stort), selfsorg kombuis.
- **Gilly** Slaap 2/4 Koningsgrootte bed (kan deel in 2 enkelbeddens), dubbel slaapbank, met en- suite badkamer(stort), selfsorg kombuis.
- **Renè** Slaap 2/4 Koningsgrootte bed (kan deel in 2 enkelbeddens), dubbel slaapbank, met en- suite badkamer(bad), selfsorg kombuis.

**CHALETS (dubbel kamer): R2900 per nag**

In die dubbel kamer chalets is 24 beddens beskikbaar

- **Elsabe:** 1 Slaapkamer met Koningsgrootte bed (kan deel in 2 enkelbeddens), met en- suite badkamer(bad), 1 Slaapkamer met Dubbelbed en 2 enkelbeddens met en- suite badkamer(stort), oopplan kombuis en sitkamer.
- **Johan:** 1 Slaapkamer met Koningsgrootte bed (kan deel in 2 enkelbeddens), met en- suite badkamer(stort), 1 Slaapkamer met Dubbelbed en 2 enkelbeddens met en- suite badkamer(bad), oopplan kombuis en sitkamer.
- **Laurine:** 1 Slaapkamer met Koningsgrootte bed (kan deel in 2 enkelbeddens), met en- suite badkamer(bad), 1 Slaapkamer met Dubbelbed en 2 enkelbeddens met en- suite badkamer(stort), oopplan kombuis en sitkamer.
- **Simone:** 1 Slaapkamer met Koningsgrootte bed (kan deel in 2 enkelbeddens), met en- suite badkamer(bad), 1 Slaapkamer met Dubbelbed en 2 enkelbeddens met en- suite badkamer(stort), oopplan kombuis en sitkamer.

**HONEYMOON SUITE: R2000 per nag**

In hierdie enkelkamer chalet slaap 2 persone, koningsgrootte bed, met en-suite badkamer (stort en bad), selfsorg kombuis.

**KARAVAAN STAANPLEK:**

13 Karavaan staanplekke is beskikbaar, elk met sy eie kragpunt en water, @ R100 per staanplek en R100pppn. Ablusie geriewe is binne loopafstand.

**SWEMBADAREA:**

Indien u die swembadarea eksklusief vir u gaste wil bespreek sal daar van u verwag word om al die akkommodasie en kampeerplekke vir die genoemde tyd te bespreek en voluit daarvoor te betaal.

*Parafeer*

## MEUBELS EN TOERUSTING:

Maak asseblief voor die funksie seker dat die verlangde toerusting aan julle verwagtings voldoen. Geen vuurwerke, sparkles of lanterns met 'n oop vlam sal op Oranje se eiendom toegelaat word nie. Geen troeteldiere sal op Oranje se eiendom toegelaat word nie. Kerse mag nie direk op die linne geplaas word nie. Oranje behou die reg voor om sulke kerse waar nodig te verwyder om skade deur kerswas op die linne te voorkom. As Oranje kersblakers moet voorsien, sal daar 'n bykomende heffing wees.

Geen permanente veranderings aan geboue en toerusting sal toegelaat word nie, en dit sluit spykers of hakies aan die mure, dak of rame in. Enige skade aan Oranje se eiendom, insluitend die linne, bo en behalwe redelike slytasie, sal verhaal word. Geen linne, komberse of dekens mag uit die kamers verwyder word om in die tuin of onthaalsentrum gebruik te word nie.

Oranje het geen wasgoed- of karwasgeriewe beskikbaar nie.

## AANVAARDING VAN TERME EN VOORWAARDES VAN OOREENKOMS:

Die deposito soos uiteengesit in kwotasie, sowel as die ondertekening en lewering van hierdie ooreenkoms deur die kliënt aan Oranje Gasteplaas, moet geskied binne 14 dae na skriftelike versoek daartoe deur Oranje Gasteplaas aan die kliënt, alvorens die bespreking deur Oranje Gasteplaas gereserveer sal word.
Die deposito is nie terugbetaalbaar nie.

## BANKBESONDERHEDE:

Oranje Gasteplaas  Standard Bank  Bethlehem Tak: 055033  Tjek Rekening nr: 253091357
Veertien (14) dae voor die funksie moet u per epos die volgende bevestig:

- Die spyskaart en drank
- Verloop van die troudag
- Finale getalle van gastelys en akkommodasie
- Gastelys vir akkommodasie
- 100% van die rekening van die troue, akkommodasie ten aansien van vol besetting en `n breekskade-deposito van R2,000 betaal - stuur bewys van betaling
- Slegs EFT betalings word aanvaar. Geen tjek-, kontant- of kaart betalings.

## DIE NAWEEK VAN DIE FUNKSIE MOET U:

Alle oorblywende bykomende rekenings vereffen.
Hierdie perseel is gelisensieerd - Geen eie drank word met onthaal toegelaat nie. Oranje Gasteplaas behou die reg voor om onwettige drank te konfiskeer.

## BELANGRIK:

- Die ooreenkoms sal sonder kennisgewing by wanbetaling op die onderskeie betalingsdatums gekanselleer word, waarna die deposito ten gunste van Oranje Gasteplaas verbeur word.
- Betalings: slegs EFT betalings word aanvaar. Geen tjek-, kontant- of kaart betalings.

## RISIKO'S / VERLIES:

- Veiligheid is ons strewe! Oranje Gasteplaas aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade aan persoonlike eiendom nie.
- Indien enige skade aan geboue, tuine of versierings aangerig word gedurende die funksie sal u as kliënt verantwoordelik gehou word.
- Werknemers van Oranje Gasteplaas sal nie verantwoordelik gehou word vir enige skade of beserings aan uself of derde party nie.
- Hierdie is 'n kommersiële plaas met verskeie damme, poele, plaasimplemete en gereedskap en Oranje Gasteplaas kan nie verantwoordelik gehou word vir enige beserings aan kinders wat sonder toesig rondbeweeg nie.
- Oranje Gasteplaas aanvaar geen verantwoordelikheid vir die onderbreking van noodsaaklike dienste, byvoorbeeld elektrisiteit, water en sanitêre geriewe nie. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir toestande wat kan voortspruit uit faktore buite ons beheer nie. Ons beskik oor 'n bystand-kragopwekker vir u gemoedsrus.

Parafeer




N C







# Belangrike Vorm

Voltooi asb die nodige inligting

Troudatum :______________________________ Tyd:______________________________

Aantal gaste:______________________________

Naam van Bruid:______________________________ Bruide se Van: ______________________________

ID Nommer:______________________________ Tel no:______________________________

Naam van Bruidegom:______________________________ Bruidegom se Van: ______________________________

ID Nommer:______________________________ Tel no:______________________________

**Kontakbesonderhede van verantwoordelike persoon (persoon wat hierdie dokument onderteken)**

Tel no:______________________________ Faks no:______________________________

Sel no:______________________________

E-pos:______________________________ Posadres:______________________________

Straatadres:______________________________

Werksadres:__ ______________________________

**Bankbesonderhede:**

Verskaf asb vir die terugbetaling van u deposito

Bank:______________________________ Tak : ______________________________

Rek no.:______________________________ Naam:______________________________

Hiermee verbind ek my tot die bepalings van die Troupakket en stel ek myself aanspreeklik vir die volle vereffening van die rekening wat sal voortspruit uit die funksie gehou by Oranje Gasteplaas.

______________________________
Naam in drukskrif (Bruid)

______________________________
Naam in drukskrif (Bruidegom)

______________________________
Handtekening

______________________________
Handtekening

______________________________
Datum

______________________________
Datum

# Akkommodasie
in en om Fouriesburg

**Oranje Gasteplaas - Selfsorg**

Kontak: Bianca - 084 712 0427 | Epos: bookings@oranjegasteplaas.co.za | www.oranjegasteplaas.co.za

**Dunelm Gasteplaas - Selfsorg**

Kontak: Ronel 084 607 3452 | Epos: bookings@dunelm.co.za | www.dunelm.co.za

**Fossil Lane Gastehuis**

Kontak: Madeleine – Clarens Stay – 066 107 2110 | Epos: info@clarensstay.co.za
https://www.meanderstay.co.za (10% afslag vir direkte besprekings by haar)

**Knock Out View / Mooigezicht (Clarens) - Selfsorg**

Kontak: Marlene - 082 084 2863
Epos: info@clarens-knockoutview.co.za | www.clarens-knockoutview.co.za

**Lesoba Guest Farm - Selfsorg**

Kontak: Rule Mans - 058 110 0043 / 072 660 0840 | Epos: lesobafarm@gmail.com | www.lesobaguestfarm.co.za

**Thaba Lapeng Gasteplaas - Selfsorg**

Kontak: Zelda / Gerhard - 082 877 3257 / 082 453 6115 | Epos: thaba.lapeng@gmail.com

**The Rose House and Mile High Vineyards - Selfsorg / B & O**


Kontak: Trish - 072 142 3183 | Epos: critch@netactive.co.za | www.milehighvineyards.com

**Wegkomkans Gastehuis**

Kontak: Paula - 083 501 3999 | Epos: wegkomkans@mweb.co.za | www.wegkomkans.co.za



# Kaart / Map




GPS co-ordinates S 28 38.705 - E 28 20.289

**Vanaf Johannesburg**
N3 > draai af op R26 (Villiers graansilo's op regterkant) vir 31 km tot by T-aansluiting. Draai regs (R26) > verby Frankfort > oor Wilgerrivier brug vir +/- 300 meter > draai links (R26) > Tweeling - Reitz > reguit deur Bethlehem op N5 > +/- 5 km draai regs op R712 (Clarens/Golden Gate) vir 37 km > draai regs op R711 (net verby Clarens) > 22km > Oranje Gasteplaas links.
(Alternatiewe roete vanaf Bethlehem oor Fouriesburg - sien kaart onderaan)

**From Johannesburg**
N3 > turn off on R26 (Villiers grain silos on your right) for 31km to T- junction. Turn right (R26) > pass Frankfort > cross Wilgeriver bridge > +/- 300 meter > turn left (R26) > Tweeling > Reitz > straight through Bethlehem on N5 > +/- 5 km turn right on R712 (Clarens / Golden Gate) for 37 km > turn right on R711 (just after Clarens turn off) > 22km > Oranje Guest Farm on left.
(Alternative route from Bethlehem via Fouriesburg - see map below)

**From Durban**
N3 to Harrismith > left N5 > Kestell > towards Bethlehem > on 87km (before reaching Bethlehem) turn left R712 (Clarens / Golden Gate) for 37 km > turn right on R711 (just after Clarens turn off) > 22 km > Oranje Guest Farm on left.
(Alternative route from Bethlehem - see map below)

**Vanaf Durban**
N3 na Harrismith > links af op N5 > Kestell > Bethlehem > op 87 km (voordat u Bethlehem bereik) draai links R712 (Clarens / Golden Gate) 37 km > draai regs op R711 (net verby Clarens) > 22 km > Oranje Gasteplaas links.
(Alternatiewe roete vanaf Bethlehem oor Fouriesburg - sien kaart hier onder)

# E2 Verhurings

## GROOT VERSKEIDENHEID DEKOR:

Glas, hout, silwer, goud en roes is beskikbaar, asook tafeldoeke, lopers en servette.
Pryslys kan asb aangevra word by Elsa | 083 309 3266 | Epos: elza.corbett.mtn@gmail.com

## REELINGS TEN OPSIGTE VAN HUUR VAN ITEMS:

- 50% deposito betaalbaar op kwotasie bedrag, om items te bevestig vir 'n spesifieke datum.
- 14 dae voor funksie/troue- finale getalle asb.
- Slegs hoeveelhede, op kwotasie sal verander word nadat deposito betaal is items sal nie verwyder word nie maak asb dus seker dat u slegs items bespreek wat wel gebruik sal word.
- 7 dae voor funksie/troue - volle rekening betaalbaar, geen aflewering as betaling nie ontvang is.
- Aflewering van items sal Donderdag oggend plaasvind of soos anders ooreengekom.
- Maandag oplaai- tensy anders gereel.
- Items moet in dieselfde verpakking teruggestuur word, moet asb nie verpakking weggooi, al is dit beskadig.
- Tafeldoeke en ander linne word vuil teruggestuur asb.
- Vervoer koste sal gehef word vir elke bestelling.

## REELINGS TEN OPSIGTE VAN BREEKSKADE:

- Die volle vervangings bedrag sal geeis word vir items wat gebreek of beskadig (gechip) is.
- Volle vervangings bedrag, vir items wat kort.
- Tafeldoeke wat gebreand, geskeur of onherstelbaar gevlek is sal teen vervangings koste verhaal word.
- Tafeldoeke en linne met erge vlekke of kerswas kolle sal 'n ekstra heffing teweeg bring.

# Eetgerei Pryslys

Pryslys is beskikbaar op aanvraag.


Forever
and Ever,
Amen







# Troufaktuur

Pro Forma Troufaktuur - 2027

| **Bruid:** | **Bruidegom:** | | |
|---|---|---|---|
| **Datum van troue:** | **Hoeveel gaste:** | | |
| **** Onthaalsentrum (Sluit in)**** | | | |
| * *Professionele beplanning (Maandae tot Donderdae) en uitvoering van troue* | | | |
| * *Kelners en kroegfasiliteite (1 kelner per 20 gaste, 2 in kroeg)* | | | |
| * *Dek van tafels en mooimaak van saal volgens julle keuse, opruim na troue* | | | |
| * *Koördineerder op julle troudag* | | | |
| * *Volkome gemoedrus - altyd krag: Eskom en bystand* | | | |
| * *Sekuriteit* | | | |
| ***Totaal vir onthaalsentrum*** | | | R 19 500,00 |
| **Ekstras (uitgesluit van sentrum-kostes):** | | | |
| Tafels | | | R - |
| Stoele | | | R - |
| Breekware (Glase, Borde, Eetgerei, sout en peper potjies, koppies en pierings, ens) | | | R - |
| Tafellinne en Dekor: | | | R - |
| Spyseriering | | | R - |
| Breekskade-deposito: terugbetaalbaar sodra breekskade bereken is | 1 | R 2 000,00 | R 2 000,00 |
| Wyn: Wynpryse beskikbaar op aanvraag | | | R - |
| Vonkelwyn: Pryse beskikbaar op aanvraag | | | R - |
| Kroeg: Limiet, oopkroeg of kontant (pryse beskikbaar op aanvraag) | | | R - |
| Ekstra: | | | R - |
| Sap per beker: Indien verkies | | R 55,00 | R - |
| Welkomdrankies: Sien lys met keuses | | | R - |
| Versnaperings: Sien lys met keuses | | | R - |
| Koek: Julle bring idees of foto's en ons doen die res | | | R - |
| Koffie en tee - gewoon @R20 pp of koffiekroeg met filter koffie @R40 pp | | | R - |
| Ligte: Feetjie / "naked bulps" @ R1 250 per stel | | | R - |
| Blomme: Julle bring idees of foto's en ons doen die res | | | R - |
| Kerk - Oranje: | | R 1 500,00 | R - |
| Dekor ekstras: Kerse, ens. | | | R - |
| Ontbyt: Kontinentale ontbyt p/p - pryse op aanvraag | | R - | R - |
| Akkommodsie: Prys soos in pakket | | R - | R - |
| Akkommodsie: Slaapbanke p/p per nag - prys soos in pakket | | R - | R - |
| Akkommodsie: Bediendekamer p/p per nag - prys soos in pakket | | R - | R - |
| Vuurmaakhout, boulas en bankies vir Saterdagaand (rokers-area) | | R 450,00 | R - |
| Kinders: Kossies | | R 110,00 | R - |
| Kurkfooi: Per bottel | | R 55,00 | R - |
| Ekstra koste funksie na 24:00 - per uur betaalbaar | | R 1000,00 | R - |
| Subtotaal: BTW ingl | | | R - |
| Subtotaal: BTW uitgl | | | R 19 500,00 |
| Subtotaal: nie BTW items | | | R 2 000,00 |
| 15% BTW | | | R 2925,00 |
| **Totaal** | | | **R 24 522,50** |
| Deposito betaalbaar om bespreking te bevestig | | | R 17 000,00 |
| 14 dae voor die funksie - volle bedrag betaalbaar | | | ***R 7 425,00*** |
| *PRYSE ONDERHEWING AAN VERANDERING* | | | |

*Volledige troupakket beskikbaar op ons webtuiste www.oranjegasteplaas.co.za*

***Bankbesonderhede vir Oranje Gasteplaas: Standard bank tjekrek 25 309 1357, Bethlehem tak 055033***



# Welkom Spyskaarte

## Versnapperings

| | |
|---|---|
| **Opsie 1:**<br>Verskeidenheid broodsoorte en patees, biltong, neute en vars vrugte | R120.00 pp |
| **Opsie 2:**<br>Verskeidenheid kaas, vrugte en beskuitjies<br>(Broodsoorte kan teen ekstra koste bygevoeg word) | R135.00 pp |
| **Opsie 3:**<br>Verskeidenheid brode, kase, smere, vrugte, koue vleis, neute en beskuitjies<br>(Voeg biltong en droëwors by teen ekstra kostes) | R155.00 pp |

## Drankies

Die volgende drankies is beskikbaar, kwotasie per keuse.

Mengeldrankies
Glu-wyn
Sap / Ystee
Sjerrie
Handcrafted beer (on tap)
Gin Bar
Ander voorstelle welkom



# Buffet Keuses

Kies en stel self 'n spyskaart saam uit die volgende:

## VOORGEREG

Pannekoekstapel (vis / vegetaries)
Spanspek met parmaham
Aspersies bedien met salm & komkommer mousse
Filobakkie met seekos / salmmousse of tuna mayonnaise
Filobakkie met brie / camembert groenvy en uiemarmelade

## VOORGEREG SLAAIE

Biltongslaai
Geroosterde botterskorsie slaai met bacon OF Lemoen en bloubessies
Salm, komkommer en feta slaai bedien met wasabi mayo
Hoenderslaai










# Buffet Keuses

## SOP

Mosselsop
Botterskorsiesop
Sampioensop
Ertjie en ham sop
Oudtydse groentesop
Biltongsop
Tamatieroomsop

## STYSEL

Spesery aartappelwiggies
Romerige aartappelstapel
Aartappeltjies in kruiebotter
Gebakte aartappels met suurroom en sprietuitjies
Romerige kapokaartappels
Brosgebraaide aartappelwiggies
Aartappelgereg met suurlemoen &
olywe / spek, songedroogde tamatie en feta
Rys / bruinrys / basmati rys / Geurige rys
Cous-cous
Risotto

# Buffet Keuses

## VLEIS



Sesame hoenderrepies met thai sous
Gevulde hoenderborsies:
spinasie & feta / pesto & neute / ham & kaas / songedroogde tamatie & feta
Hoenderrepies in mosterdsous / sampioensous / tamatiekruiesous
Hoenderpastei
Hoender schnitzels met sampioen / kaassous
Hoenderstukke met lemoen & roosmaryn
Hoenderstukke met jogurt en mango
Kerriehoender
Hoender a la King
Coc au vin
Tradisionele skaapboud
Skaapvleispastei
Lamskerrie
Lamsbredie
Gesmoorde lamskenkels
Marokkaanse lamstagnine
Biefstuk in sous / sampioensous
Geroosterde filet met sous:
sampioen / peper / monkeygland / groen peperkorrel
Geurige beesstert bredie
Beesrolrib met swartpeperkors
Beestong met mosterd
Gerookte varkrib met mosterd
Gerookte varnek / boud
Varkrolrib
Oosterse soetsuur vark / Roerbraai met heuning en gemmer



# Buffet Keuses

## GROENTE

Spinasiegebak met feta
Spinasie in filobakkie
Groenbone met amandelbotter
Groenbone met geroosterde rosa tamaties
Geroomde spinasie
Broccoli en blomkool met kaassous
Geroosterde groente
Vars tuingroente
Pampoenpoffers met fudge karamelsous
Pampoentert met kaneelsuiker
Gebakte pampoenskywe met heuning / karamelsous
Geroosterde patats met gemmerstroop
Soetpatats met lemoen

## SLAAI

Mengelslaai / Groenslaai
Griekse slaai
Caprese slaai
Waldorf slaai
Avocado en appelslaai
Peer en pekanslaai met bloukaassous
Pikante rooikoolslaai
Gebakte patat-en-pampoenslaai met neute
Geroosterde mediterreense groenteslaai met sagte feta
Vier-en-twintig-uur ertjieslaai
Geroosterde beetslaai met feta en lemoen (seisoenaal)
Geroosterde botterskorsie-slaai met gorgonzola
Uitpakslaai (groente en/ vrugte)

# Buffet Keuses

## NAGEREG

Pavlova met vrugte / bessies
Crème Caramel / Crème brulee
Roomys met sjokolade / karamelsous
Roomysbomb / Roomysverassing
Sjokolade mouse koek
Filostapel met crème patissiere
Malvapoeding met vla / roomys
Vars vrugteslaai
Sjokolademousse
Koekstruif
Appeltert met room
Dadel-brandewyn poeding





# *Spyskaart Opsies*

***Pryse is onderhewig aan verandering***

## BUFFETSPYSKAART 1 - R660 pp

**Voorgereg (R48)**
Filobakkie met brie/camembert, vye en uiemarmelade

**Hoofgereg (R555)**
Fillet met sous van u keuse
Hoenderschnitzel met kaas of sampioensous
Brosgebraaide aartappels
Boontjies met amandelbotter of Romerige spinasie&feta gebak
Pampoenpoffertjies met fudge karamelsous
Uitpakslaai met slaai en vrugte in seisoen

**Nagereg (R57)**
Pavlova's met bakkersvla en vars vrugte of
Sjokolade lava poeding met room

## BUFFETSPYSKAART 2 - R709 pp

**Voorgereg (R74)**
Geroosterde groenteslaai met neute

**Hoofgereg (R570)**
Heelgebraaide filet met sous van u keuse
Hoenderrepies met thai sous
Geurige rys
Brosgebraaide aartappelwiggies
Uitgepakte Groenteskottel
Gebakte botterskorsie met kaneelstroop *of* Pampoenpoffers met karamelfudgesous
Griekse slaai

**Nagereg (R65)**
Filostapel met crème patisserie
Dadel & Brandewyn poeding met room en vla

# *Spyskaart Opsies*

## BUFFETSPYSKAART 3 - R625 pp

**Voorgereg (R48)**
Waatlemoenslaai met feta&aarbeie

**Hoofgereg (R512)**
Skaapvleispastei
Hoenderkerrie
Rys
Soetgroenteskottel (botterskorsies,patats,wortels) bedien met kaneelsuiker
Groengroenteskottel (broccoli,blomkool, groenboontjies,sampioene,mugpampoentjie) bedien met kaassous
Uitpakslaai met geroosterde jongbeet, avo en croutons

**Nagereg (R65)**
Rice crispie koekies
Sjokolade blokkies
Sjokolade fudge of gewone fudge
Mintblokkies
Koeksisters (gewoon of sitrusgeur)
Melktertjies
Suurlemoen meringue blokkies of tertjies

---

## BUFFETSPYSKAART 4 - R762 pp

**Voorgereg (R168)**
Skaapstertjies gebraai
Kaasworsies met mosterdsous
Hoendersosaties
Ham & kaas mini wraps

**Hoofgereg (R529)**
Steak met monkeyglandsous
Varknek met mosterd
Brosgebraaide aartappels
Oudtydse boontjies
Wortels met heuning en komyn / karwysaad
Uitpakslaai

**Nagereg (R65)**
Malvapoeding met vla & roomys
Koeksisters

# Spyskaart Opsies

Ander spyskaarte waaruit jy kan kies - saam met 'n geskikte voor- en nagereg

## GRIEKSE BOERTJIE SPYSKAART - R761 pp

**Voorgereg (R184)**
Verskeidenheid brode bv Ciabatta, franse brode, rogbrood, kaas & uie wielebrood
Crostini's 3 smere bv hoenderlewerpatee, biltongsmeer, avo mousse, oestersmeer
Olyfolie, dukkah&balsamiek asyn
Klein kaasborde

**Hoofgereg (R512)**
Griekse Lamsboude met knoffel en roosmaryn
Suurlemoen hoender fillette op stokkie
Baba aartappeltjies met growwe pienk sout, botter en kruie
Rys en sous
Geroosterde groente met of sonder cous-cous (murgpampoentjies, soetrissies, eiervrug, boontjies en wortels)
Griekse slaai

**Nagereg (R65)**
Baklava
Klein melktertjies of Tradisionele melkterte

---

## KAGGELVUUR SPYSKAART
*Ideaal vir wintersaande in die berge*

**Voorgereg (±R84)**
Sop buffet met brood - prys word uitgewerk op u sopkeuse
Kies drie soorte sop vanaf lys
Word bedien met franse brode, ciabatta en croutons

**Hoofgereg (R544)**
Beesstertbredie
Romerige hoenderpastei
Rys
Brosgebraaide aartappels
Pampoenkoekies of poffertjies
Roomspinasie in filobakkie

**Nagereg (R55)**
Malvapoeding en vla
Of
Brandewyntert met vla en room

# *Spyskaart Opsies*

## BEDERF SPYSKAART

**Plankie Voorgereg (R138)**
(plankie huur ingesluit)

- Samoosas (2)
- Hoendervlerkies / Sesame hoenderrepies (3)
- Salami sticks / droë wors (2)
- Biltong
- Emmental,Cheddar en Gouda
- Vrugte: Stokkie of druiwe en aarbeie

**Hoofgereg (R304)**
Filet met pepersous
Brosgebraaide aartappelwiggies
Geroosterde groente

**Nagereg (R84)**
Gebakte kaaskoek
Sjokolade mousse koek
Wortelkoek cupcakes
Meringue nessies met vla en vars vrugte

## LEKKER KUIER SPYSKAART

**Voorgereg - Oesfeestafel (R212)**
Kaasbord met kaas, vars vrugte en beskuitjies
Hoenderlewerpatee, avo & biltong smeer met crostini's
Sesame hoender repies met Thai sous
Kaasworsies met mosterd
Springrolls met dip
Droëwors & biltong mandjies

**Hoofgereg (R350)**
Filet met mushroom-pepersous (of sous van jul keuse)
Brosgebraaide aartappel wiggies
Geroosterde groente skottel
Groenslaai (blare, ertjies, feta, avo met basil-mayo slaaisous)

**Nagereg (R65)**
Sjokolademousse in glasies
Baklava / Portugese melktertjies








Oranje Gasteplaas
TROUES & FUNKSIES
Mobile: 066 187 8897
Email: troues@oranjegasteplaas.co.za • www.oranjegasteplaas.co.za
GPS co-ordinates: S -28.39.01.6 | E 28.20.11.6
Like us on Facebook
Follow us on Instagram

# Oranje Gasteplaas

TROUES & FUNKSIES

# Troupakket

# -2027-

